Oordenking
24 Maart 2010

Wat is "Heilige Week"?

Die meerderheid Christene in die wêreld noem die week wat met Palm Sondag begin en op Paassondag eindig, Heilige Week. Gedurende hierdie week kom ons ook na die Tenebrae diens op Hartseer Donderdag en die Goeie Vrydag diens. Die hoogtepunt van die fees is op Paassondag.
Almal weet dat die woord "heilig" aantoon dat iets op 'n besondere manier aan God behoort. Hierdie week word afgesonder sodat God ons kan herinner aan die sentrale waarheid van die Woord, dat ons net deur die versoeningsdood en opstanding van Jesus Christus gered word.

Wat is "Palm Sondag"?

Palm Sondag, die Sondag voor Paassondag, onthou 'n geleentheid waarvan al vier evangelies ons vertel. (Mark 11:1-11, Mat 21:1-11, Luk 19:28-44, en Joh 12:12-19). Ons herdenk die triomfantelike intog van Jesus in Jerusalem op die Sondag voor ons nadink oor sy lyding en dood.
Die evangelies vertel hoe Jesus by Jerusalem inry en hoe die mense klere en boomtakke voor Hom op die pad gooi terwyl hulle uit Psalm 118 sing - ...*Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die HERE! Hosanna – die seun van Dawid!*. (Psalms 118:25-26).

Die vroegste getuienis dat die fees gevier is, kom reeds uit die 4de eeu uit die reisjoernaal van 'n vrou wat Jerusalem besoek het en 'n optog gesien het waarin gelowiges palmtakke dra en Jesus loof en eer.

Sang en musiek speel 'n baie belangrike rol op hierdie Sondag, wanneer ons onthou dat ons Koning na Jerusalem gekom het om sy lewe af te lê vir ons sonde en om ons vry te maak van die wet en oordeel van God. Bid dat ons almal daar sal wees Sondag!

Wat is Tenebrae?

Die Tenebrae diens vind plaas op die Donderdag voor Goeie Vrydag. Dit was die Donderdagaand toe Jesus die Nagmaal ingestel het, sy dissipels se voete gewas het, die verskrikking van Getsémané ervaar het, arresteer en deur die Joodse godsdiensleiers verhoor is en deur Judas verraai en deur Petrus verloën is.

Tenebrae (*Latyn vir "skadu's" en "duisternis")* is 'n unieke seremoniële herdenking van die lyding van Christus met die gelydelike uitdowing van kerse, Bybel voorlesing, lering oor sy smart en tot sy gedagtenis, die viering van die Nagmaal.
Die doel van hierdie diens is om die emosionele aspekte van die Lydingsgeskiedenis te ervaar. Dis 'n somber en onvolledige erediens sonder die uitspreek van die seën, want eers op Opstandingsondag word die herdenking voltooi wanneer ons feesvier oor die heerlike oorwinning van Christus deur sy opstanding uit die dood.

Goeie Vrydag

Ons eredienste op Goeie Vrydag treur oor hoe ons sonde die smart en dood van Jesus veroorsaak het. Nogtans is daar vreugde, 'n gedempte blydskap en opgewondenheid, teenwoordig, want hoewel dit nog Vrydag is, weet ons dat Sondag nou baie naby gekom het.

Opstandingsondag

Op die derde dag het Hy opgestaan uit die dood!
Paassondag is die kroon van alle Christelike aanbidding. Dit rus ons toe om met vreugde die Here te dien, elke Sondag van die jaar, sodat ons toegerus is om elke dag tot eer van God te lewe tot aan die einde van ons lewe, want Jesus leef - en ons met Hom!

Bid daagliks, tot aan die einde van Heilige Week op Paassondag dat -
God elke erediens sal seën.
Dat Christus almal sal roep om na die Evangelie te luister.
Dat ons liefde vir Jesus opnuut aangevuur sal word.

Dat God en sy aanbidding voorkeur sal geniet bo enige ander verpligtinge gedurende hierdie tyd.
Dat ons lewens altyd die liefde en ontferming van God sal weerspieël nadat ons hierdie geseënde, heilige dae herdenk het.